

Voordele van toepassing op pensioenarisse

(Enige aanduiding van 'n bepaalde gender in hierdie dokument sluit outomaties alle ander genders in. Omskrywings van sekere terme wat in die teks gebruik word, verskyn aan die einde van die dokument.)

Verwysingsnommer van hierdie dokument	DV0403
HEMIS-klassifikasie	
Doelwit	Om 'n uiteensetting te bied van die voordele van toepassing op US-werknemers wat aftree.
Tipe dokument	Riglyn
Toeganklikheid	Algemeen (ekstern en intern)
Implementeringsdatum	1 Januarie 2025
Hersieningsdatum/-frekwensie	Wanneer 'n behoefte aan wysigings ontstaan.
Vorige hersienings	1 Januarie 2024
Eienaar van hierdie beleid	Uitvoerende Hoof: Mensesake
Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie beleid	Hoofdirekteur: Menslike Hulpbronne
Goedkeuringsdatum	26 November 2024
Goedgekeur deur	Rektoraat (2024) en US Raad (voor 2007)
Sleutelwoorde	subsidie, gadeversekering, groeplewensversekering, mediese skema, begrafnisdekking, klasgeld
Die kern van die beleid Bied 'n uiteensetting van die voordele van toepassing op werknemers van die Universiteit Stellenbosch (US) wat aftree.	
Rede vir wysiging Sekere bewoording moes gewysig word om groter duidelikheid oor voordele en prosesse te voorsien.	

HANDTEKENING

INHOUDSOPGAWE

1. Gadeversekeringskema.....	3
2. Groeplewensversekering.....	3
3. Mediese skema	3
4. Begrafnisdekking.....	5
5. Aanvullende dekkingsplan.....	5
6. Vrystelling van klasgeld.....	5
Woordoms krywing.....	6
Stawende dokumente.....	7
Verbandhoudende dokumente.....	7

1. Gadeversekeringskema

Die gadeversekeringskema betaal lewensversekering aan 'n lid by die afsterwe van die lid se gade.* Tot en met 'n lid se 65ste verjaardag word die gade se lewe teen twee maal die lid se jaarlikse pensioengewende bedrag verseker.* Daarna verminder die dekkingsbedrag met 25%. Benewens lewensversekering, word 'n lid se gade ook tot op 60-jarige ouderdom vir ongeskiktheid gedek.

Die onderskrywer bepaal die bydraes tot hierdie skema en vorder maandeliks via die werkgewer betaling van lede in. Lede self is daarvoor verantwoordelik om die volle premie te betaal. Uitbetaling ingevolge die skema moet aan die betrokke lid geskied.

** Omskrywings van 'gade' en 'pensioengewende bedrag' verskyn aan die einde van hierdie dokument.*

2. Groeplewensversekering

Die groeplewensversekeringskema betaal lewensversekering aan benoemde begunstigdes by 'n lid se afsterwe. Die dekking is gelykstaande aan die veelvoud van die lid se jaarlikse pensioengewende bedrag voor aftrede. Sodra die lid 65 word, verminder die lewensdekking met 25%. Die versekeraar betaal die versekerde bedrag uit aan diegene wat behoorlik op 'n geldige begunstigdevorm as begunstigdes benoem is. Waar daar geen geldige begunstigdevorm op die stelsel verskyn nie, word die voordeel aan die lid se bestorwe boedel uitbetaal.

Werknemers wat vanaf 1 Januarie 2018 aangestel is, ontvang geen premiesubsidie nie.

Lede wat met die bykomende groeplewensversekeringsvoordeel van twee keer die jaarlikse pensioengewende bedrag aftree, kan die voordeel ná aftrede voortsit, in welke geval die lid self vir die volle premie verantwoordelik is.

Die onderskrywer bepaal die bydraes tot hierdie skema en vorder maandeliks via die werkgewer betaling van lede in.

Lede wat voor 1 Januarie 2018 aangestel is, ontvang 'n premiesubsidie vir die eerste veelvoud van twee keer die jaarlikse pensioengewende bedrag, en die res van die premie met betrekking tot lede se volle dekking is vir hulle eie rekening.

Die groeplewensversekeringskema sluit geen ongeskiktheidsdekking in nie.

3. Mediese skema

Algemene voorwaardes van toepassing op lidmaatskap van mediese skemas

- a) Geen lid óf afhanklike* mag in enige stadium oor dubbele lidmaatskap van die US se mediese skema sowel as 'n ander geregistreerde mediese skema beskik nie.

Diegene wat ten tyde van die lid se afsterwe as afhanklikes geregistreer is, ontvang die geleentheid om hulle lidmaatskap van die mediese skema ná die lid se afsterwe voort te sit. Vanaf daardie tydstip kan die oorlede pensioenaris se wettige gade – of indien geen gade betrokke is nie, die oudste van die oorledene se geregistreerde afhanklikes – as die hooflid van die mediese skema beskou word. Indien die oorledene vir 'n Raadsbydrae gekwalifiseer het, word hierdie voordeel na die nuwe hooflid oorgedra. Indien 'n gade op dié manier die nuwe hooflid word, maar later

HANDTEKENING



weer trou, word die Raadsbydrae ten opsigte van die gade gestaak, hoewel die bydrae ten opsigte van ander geregistreerde afhanklikes behou word.

Kansellasië van lidmaatskap

- a) Pensioenarislede wat hulle lidmaatskap van enige van die US se voorkeur-mediese skemas kanselleer, word nie toegelaat om weer aan te sluit nie.

Bepaling van Raadsbydraes tot mediese premies ná aftrede

- a) Hooflede wat voor 1 September 1997 by die US aangestel is, of wat tussen 1 September 1997 en 31 Mei 2002 aangestel is en by aftrede 20 jaar se ononderbroke diens voltooi het, ontvang ná aftrede 'n Raadsbydrae. Dieselfde geld vir hulle afhanklikes wat ooreenkomstig die deelnamebeleid van die US se mediese skema vir 'n Raadsbydrae in aanmerking kom. Wat enige ander afhanklike betref, bepaal die reëls van die mediese skema die tydperk waarvoor 'n Raadsbydrae betaal word.
- b) Hooflede wat tussen 1 September 1997 en 31 Mei 2002 aangestel is, maar by aftrede minder as 20 jaar se ononderbroke diens voltooi het, ontvang slegs 'n Raadsbydrae vir 'n tydperk wat met die getal jaar voltooide ononderbroke diens ooreenstem. Bydraes ten opsigte van sodanige lede en enige van hulle kwalifiserende afhanklikes bly onveranderd ná die hooflid se aftrede en word dus nie vir premiestygings, inflasie van mediese koste of enige ander omstandigheid aangepas nie.
- c) Hooflede wat vanaf 1 Junie 2002 by die US aangestel is, kom nie vir enige Raadsbydrae tot die mediese skema in aanmerking nie.
- Raadsbydraes ten opsigte van hooflede wat voor 60-jarige ouderdom by die US aftree, verminder met 0,25% vir elke maand wat die lid voor 60 afgetree het.
- d) Die maandelikse Raadsbydrae wat met betrekking tot die mediese skema aan pensioenarisse betaalbaar is, word bepaal deur die spesifieke norm wat die Raad as grondslag vir die berekening van die Universiteit se maksimum bydrae gekies het. Dít is egter onderworpe aan die opsie waarvolgens hooflede – en hulle afhanklikes – ten tyde van aftrede aan die mediese skema deelneem.
- e) Indien 'n pensioenarislid se getal geregistreerde afhanklikes afneem, neem die Raadsbydrae tot die mediese skema diensooreenkomstig af.
- f) Raadsbydraes tot mediese premies ná aftrede hou direk verband met hooflede en hulle geregistreerde afhanklikes. Indien 'n verandering in die hooflid se huwelikstaat ná aftrede die getal afhanklikes verhoog, kan die bykomende afhanklikes as lede van die mediese skema geregistreer word, maar kom hulle nie vir enige Raadsbydrae in aanmerking nie.
- g) Kinders* se voortgesette lidmaatskap word deur die reëls van die mediese skema bepaal.

** Omskrywings van 'afhanklike' en 'kind' verskyn aan die einde van hierdie dokument.*

HANDTEKENING

4. Begrafnisdekking

Werknemers kan hulle begrafnisdekking ná aftrede voortsit. Die voordeel behels uitbetaling van:

- a) R40 000 elk vir die hooflid en gade;
- b) R32 500 vir kinders tussen die ouderdom van 14 en 21 (of tot en met 25 in geval van 'n voltydse student);
- c) R25 000 vir kinders kinders tussen die ouderdomme van 6 tot 13 en
- d) R20 000 vir kinders jonger as 6.

Die Raad se bydrae tot hierdie premie geskied op dieselfde grondslag as bydraes tot die mediese skema.

Lede wat met die bykomende begrafnisdekkingsvoordeel aftree, kan die voordeel ná aftrede voortsit, hoewel geen nuwe versekerde lewens bygevoeg kan word nie. Die volle premie is vir die lid se eie rekening.

5. Aanvullende dekkingsplan

Lidmaatskap van die aanvullende dekkingsplan kan ná aftrede voortgesit word. Die doel van hierdie dekking is om enige moontlike tekorte te finansier ingeval mediese skemas nie omvattende dekking vir hospitalisasie bied nie.

Die Raad se bydrae tot hierdie premie geskied op dieselfde grondslag as bydraes tot die mediese skema.

6. Vrystelling van klasgeld

Afgetrede personeellede kan van klasgeld vrygestel word, onderworpe aan sekere voorwaardes.

Raadpleeg in dié verband die [Reglement insake Vrystelling van Gekombineerde Klasgelde aan die Universiteit Stellenbosch](#).

7. Invordering van premies

- a) Betaling van premies vir voortgesette werknemervoordele ná aftrede geskied deur middel van debietorder. Reëlins in dié verband sal voor die lid se aftreedatum getref word.
- b) Die US streef daarna om 'n voorkeurwerkgewer te wees en om sowel huidige werknemers as pensioenarisse met deernis en empatie te hanteer. Daarom sal pensioenarisse wie se debietorders verwerp word, drie maande ontvang om oor 'n terugbetalingsplan vir enige uitstaande premies ooreen te kom.

Indien die pensioenaris uiteindelik versuim om oor 'n terugbetalingsplan ooreen te kom, sal die US nie anders kan as om die voordele te staak en met normale skuldbestuursprosesse te begin nie.

8. Terugbesorging van Universiteitseiendom

Personeel wat aftree, moet met hulle bepaalde US-omgewing reëlins tref vir die

HANDTEKENING

terugbesorging van enige Universiteitseiendom, waaronder sleutels, uniforms of elektroniese toerusting.

Woordomskrywing

In hierdie beleid, tensy daar uit die samehang anders blyk, het die volgende terme die betekenis wat hier onder daaraan toegeskryf word:

Afhanklike (vir doeleindes van 'n mediese skema)

- 'n Lid se gade wat nie tot enige ander mediese skema behoort nie;
- 'n lid se ongetroude kind wat nie (hetsy as 'n lid of as 'n afhanklike) tot 'n ander mediese skema behoort nie, nie selfonderhoudend is nie, en jonger is as 21;
- 'n lid se ongetroude kind wat nie selfonderhoudend is nie, jonger is as 21, voltyds studeer by 'n opvoedkundige instelling wat deur die mediese skema goedgekeur word, en wat op versoek deur die skema as 'n afhanklike erken word; en
- 'n lid se ongetroude kind wat nie selfonderhoudend is nie, ouer is as 21, en wat op versoek deur die mediese skema erken word as 'n volwassene wat op grond van 'n geestes- of liggaamlike gestremdheid of soortgelyke redes afhanklik is, onderworpe aan enige moontlike voorwaardes wat die mediese skema stel.

Gade

- 'n Persoon wat as wettig getroud erken word; en
- 'n persoon wat reeds langer as ses maande met iemand anders saamwoon, wat beplan om voort te gaan om permanent op dié manier saam te woon, en wat (te oordeel na die feite van die bepaalde geval) redelikerwys as 'n lewensmaat in 'n permanente saamwoonverhouding beskou kan word.

Kind

Die lid se kind, stiefkind of wettig aangenome kind (waaronder die kind van 'n lid se gemeenregtelike gade) wat jonger is as 21, nie selfonderhoudend is nie, en nie in hulle eie hoedanigheid of as 'n ander lid se afhanklike tot enige ander mediese skema behoort nie.

Pensioengewende bedrag

Gewoonlik gelykstaande aan 75% van totale koste van indiensname, wat alle kontantvergoeding en bydraes tot voordeelfondse insluit, maar verlof en verpligte statutêre werkgewerbydraes uitsluit.

HANDTEKENING

Stawende dokumente

Itemnr.	Naam van dokument	Status <i>(bv. geïdentifiseer, in proses of goedgekeur)</i>
	Geen	

Verbandhoudende dokumente

Itemnr.	Naam van dokument	Status <i>(bv. geïdentifiseer, in proses of goedgekeur)</i>
DV0406	Voordelebeleid	Goedgekeur

Handtekening:

Datum: